# DIE WÊRELDRAAD VAN KERKE.

Die eukumeniese arbeid is vir die Christelike Kerk van lewensbelang. Die protestantse Christendom kan nie langer tevrede wees met die verskeurdheid waarin die Kerk leef nie. Die eis van Christus dat Sy gemeente een moet wees is te duidelik en dringend en kan nie langer opsygeskuif en negeer word nie. Die Kerk is verplig om die eis onder die oë te sien en homself rekenskap te gee wat sy voorneme is om daarmee te doen. Elke poging om uitvoering te gee aan die eis van die Heer van die Kerk moet daarom verwelkom word en mag nie sonder ernstige ondersoek en met hooghartige selftevredenheid opsy geskuif en veroordeel word nie. Dit is wel waar dat dit nodig is om elke eukumeniese beweging wat hom as sodanig aandien, sorgvuldig te ondersoek om vas te stel of dit uit God is, maar dié ondersoek mag nie vitterig en foutvinderig wees nie. Die taak van enige eukumeniese beweging sal uit die aard van die saak onmoontlik wees as die eis gestel word dat alle kerke wat deel aan die beweging wil hê dieselfde belydenis in alle opsigte moet onderskryf. Dit is juis die probleem van die protestantse Christendom dat die menigte van Kerkgenootskappe so ver uitmekaar gegroei het dat hulle op haas alle punte van die belydenis van mekaar verskil. Om te eis dat almal suiwer Calviniste moet wees is net so dwaas as om te eis dat almal Lutherane moet word. So sal ook die Presbiteriane nooit Episcopaals

word nie en die Episcopale sal ook nooit Presbiteriaans word nie. Die Wêreldraad van Kerke het die verstandige weg gevolg en as minimum vereiste vir lidmaatskap die eis gestel dat lede-kerke Christus as die Seun van God en die Verlosser en Saligmaker moet bely.

So is dan met die vergadering van 1948 te Amsterdam die Wêreldraad van Kerke as eukumeniese beweging geloods en ses jaar daarna het hy sy tweede vergadering in Evanston gedurende Augustus 1954 gehou. Daar was op hierdie vergadering afgevaardigdes van 164 Kerkgenootskappe uit 50 lande. Hierdie vergadering was buitengewoon indrukwekkend en belangrik. Indrukwekkend vanweë die groot verskeidenheid van mense wat daar aan deelgeneem het, die publisiteit wat dit ontvang het en die besonder doeltreffende manier waarop sy werksaamhede georganiseer was. Net soos die hoeksteenlegging en die inwyding van die Voortrekkermonument vir my as Afrikaner 'n ondervinding was waaruit ek op nasionaal gebied 'n inspirasie ontvang het wat ek nooit weer sal vergeet nie, so was die opening van die Wêreldraad van Kerke in die groot Metodiste Kerk in Evanston en die saamtrek dieselfde aand op Soldiers Field in Chicago, 'n ondervinding wat ek nooit sal vergeet nie. Met die opening in die Kerk was daar 10,000 mense aanwesig en op Soldiers Field 120,000. Daar het ek vir die eerste keer beleef wat dit beteken as ons bely, „Ek glo in 'n Algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges."

Na hierdie indrukwekkende opening het die werk begin. Belangrik was die vergadering uit hoofde van die feit dat veel bereik is, soos ek hoop om aan te toon.

Die hooftema was, soos bekend, die stelling: Christus die hoop van die wêreld.

Deur die sentrale komitee is vooraf lank gewerk om 'n konsepboodskap op te stel wat as inhoud sou hê die boodskap dat Christus die hoop van die wêreld is.

Op die volle vergadering is twee referate oor hierdie tema gelewer. Een deur 'n Duitse teoloog en een deur 'n Amerikaanse teoloog. Daarna het die vergadering in 'n groot aantal studiegroepe vergader. Al die groepe moes 'n studie maak van die konsepboodskap en kommentaar lewer. Die konsep met al die op- en aanmerkings ens. sou dan gebruik word om oopgestel te word as finale boodskap.

Dit het al gou in die studiegroepe geblyk dat die menings uiteen loop. Daar was volgens my mening drie denkrigtings merkbaar. Daar was wat ek wil noem die Amerikaanse, Europese en Asiatiese denkrigtings. Natuurlik was nie alle Amerikane die Amerikaanse denkrigting en ook nie alle Europeane die Europese denkrigtings toegedaan nie, maar dit was tog hoofsaaklik die geval. Verreweg die meeste Amerikaanse afgevaardigdes en veral die leidende persone onder hulle

het Christus as die hoop van hierdie huidige wêreld gesien. Amerika is 'n magtige land en fabelagtig ryk. Die Amerikaners is 'n vrye, welvarende en gelukkige volk, wat baie bewus is van hul mag en betekenis. Hulle is gelukkig ook deeglik bewus van hulle verantwoordelikheid. Dit is veral die besef van hul verantwoordelikheid wat hulle laat besef dat daar baie gevare en misstande in die wêreld is. Hulle sien ook wel deeglik in dat staatsmanne en atoombomme sonder meer nie 'n oplossing is nie. Hulle glo dat die Evangelie die oplossing bied. Die toepassing van die Evangelie sal vrywingsvlakke verwyder en spannings verlig. In die sin is Christus dan ook die hoop van die wêreld.

Teenoor hierdie denkrigting staan die Europese beskouing. As gevolg van twee verwoestende wêreldoorloë is hierdie wêreld nie so 'n gelukkige wêreld nie. Veral die skaduwee van 'n derde wêreldoorlog wat oor hul hang verskerp die gevoel dat hierdie wêreld in die volste sin van die woord 'n verlore wêreld is. Hulle hoop en verwagting is dus op die hiernamaals gerig. Christus is vir hulle die hoop van die gemeente in Sy wederkoms.

Baie nou verwant aan die Amerikaanse beskouing is die van die Kerke van die gekleurde volke wat ek die Asiatiese denkrigting wil noem. Dit sluit natuurlik ook die naturellekerke in. Hierdie volke het in die afgelope tyd 'n sterk nasionale ontwaking beleef. China het die slaap van eeue afgeskud, Indië het onlangs sy nasionale vryheid verkry, terwyl die naturelle al hoe meer teen die blankes in verset kom. Gelyke menseregte het vir hul 'n wekroep geword wat hulle hele denke beheers. Hulle sien dus in die woord van die Apostel, dat daar in Christus nie Jood of Griek, vryman of slaaf is nie, 'n bewys dat alle differensiasie onchristelik is. Veral is die naturellebeleid van die Unie vir hulle uit die bose. Vir hulle is Christus die hoop van die wêreld in die sin dat Hy alle belemmerings vir hulle nasionale, ekonomiese en sosiale aspirasies, uit die weg sal ruim.

Om hierdie verskillende beskouings met mekaar in ooreenstemming te bring was voorwaar 'n taak wat aan die onmoontlike gegrens het. Algaande het die groepe nogtans nader aan mekaar gekom. Die konsepboodskap wat as 'n kombinasie van die Amerikaanse en Europese beskouings gesien kan word is dan ook uiteindelik aanvaar, met byvoeging van die verskillende voorstelle wat deur die studiegroepe gemaak is. Tot eenstemmigheid het dit dus nie gekom nie, maar die toenadering wat plaasgevind het was merkwaardig en baie belangrik.

Na afhandeling van die hooftema het die verskillende subtemas aan die beurt gekom. Twee van die subtemas wil ek hier noem omdat hulle vir ons van groot belang is.

(a) Ons eenheid temidde van ons verskeurdheid.

(b) Rasseverhoudings.

(a) Aanvanklik was daar ten opsigte van (a) alleen die verskeurdheid merkbaar en van eenheid geen spoor of teken nie. Dit was nie 'n geval van soveel hoofde soveel sinne nie, maar wel van soveel kerke soveel opvattings.

Daar was sommige wat die mening toegedaan was dat die woorde van Christus dat sy dissipels een moet wees, dit noodsaaklik maak dat daar net een Christelike Kerk kan wees. Die bestaan van die verskillende kerke is dan ook sonde. Die Grieks-Ortodokse Kerk het hiermee hartelik saamgestem en het dan ook betoog dat al die Kerkgenootskappe moet terugkeer tot hulle as die oudste Kerk. Hierdie stemme vir Kerkvereniging was egter verreweg in die minderheid. Die oorgrote meerderheid het besef dat organisatoriese eenheid nog lank nie ware eenheid inhou nie, net so min as wat die bestaan van meer as een Kerkgenootskap noodwendig verdeeldheid beteken.

Die slotsom waartoe die vergadering gekom het was dan ook dat Christus nie bedoel het dat Sy dissipels altyd in een kerkverband moes bly nie, maar wel dat hulle altyd eensgesind moet wees en in liefde moes saam werk. Die vergadering het hierdie eis van Christus aanvaar en ootmoedig bely dat daaraan nie voldoen is nie en die versplintering en vervreemding en onverdraagsaamheid is as grote sonde van die Kerk bely. Daar is besluit om teen hierdie sonde te stry en ernstig te ywer vir groter eensgesindheid, verdraagsaamheid en liefde. As ons vitterig wil wees kan ons beweer dat hierdie slotsom van weinig waarde is, omdat die daad nie by die woord gevoeg is nie. As dit waar moet wees dat die bedoeling om waarlik vir groter eensgesindheid te ywer, ontbreek, sal die kritiek geregverdig wees. Dit was op die vergadering egter duidelik dat almal ernstig van voorneme is om tot grotere eenheid te kom. Ek meen dat ons die uitslag in die hand van God kan laat. Ons gesindheid moet wees dat ons, Sy knegte, ons sal opmaak en bou en die God van die Hemel sal dit laat geluk. Meer kan op die stadium nie bereik word nie, maar ons kan verheug wees dat soveel bereik is.

Wat (b) betref het op die vergadering 'n gesindheid aan die lig gekom wat erg teleurstellend was. Die afgevaardigdes van die kerke van die gekleurde volke het 'n baie aggressiewe houding ingeneem Hulle het groot klem op die regte van die gekleurdes gelê en hoegenaamd geen klem op hul verpligtinge nie. Van Christelike verdraagsaamheid was daar geen teken nie, maar politieke aspirasies is eenvoudig as eise van Gods Woord voorgekom.

Alle verskille op grond van ras of kleur is eenvoudig veroordeel. Die kleurbeleid van Suid-Afrika is veroordeel as strydig met die Skrif en die verbod op gemengde huwelike is daarby ingesluit. Daar is nie die minste moeite gedoen om vas te stel wat die Skrif wel hieroor sê nie. Daar is eenvoudig op die klank van 'n enkele teks af, aanvaar

dat die Skrif gelykstelling eis en apartheid veroordeel. Die Amerikaanse en Europese houding in die verband was pynlik om te aanskou. Daar is bepaald iets siekliks in die kruiperige houding van die blankes. Amerika sowel as Europa wil natuurlik dolgraag Indië en Afrika tot bondgenote hê in die stryd teen die kommunisme en vandaar die flikflooiende houding. Voeg daarby die verlede toe baie van die volke hierdie gekleurde volke met hardvogtigheid onderdruk en uitgebuit het, dan begryp mens dat staatkundige voordeel gepaard met 'n skuldige gewete veel met hierdie kruipery voor die gekleurdes te doen het.

Die Wêreldraad van Kerke het egter oor hierdie saak gelukkig nog lank nie die laaste woord gesê nie. Aan ons is die geleentheid gegee om 'n rapport waarin ons beskouing oor watter lig die Skrif op die saak werp, voor te lê. Hieraan sal die Kerk die allergrootste aandag moet wy, en die saak sal met die grootste erns bestudeer moet word, sodat ons rapport op die Skrif gefundeer sal wees. Ons sal die Christelike mening alleen kan oortuig op grond van wat die Skrif leer. Ten slotte wil ek nog die volgende opmerkings maak.

Die bewering dat die Wêreldraad van Kerke 'n superkerk wil wees is van alle grond ontbloot. Dit is herhaaldelik beklemtoon dat hy dit nie wil wees nie. Hy kan dit ook trouens nie word nie want hy beskik nie oor 'n enkele wetgewende mag nie. Hy kan alleen bestaan deur die welwillende steun en samewerking van die lede-kerke. Hy is, en wil wees, 'n koördinerende adviserende liggaam wat die geleentheid skep vir die gesprek tussen die lede-kerke.

Die bewering dat dit 'n futiele liggaam is is selfveroordelend as dit waar moes wees want daarmee sou die protestantse Christendom erken dat hy òf onwillig is, òf onmagtig is om aan die eis van Christus te voldoen. In albei gevalle sou die oordeel van God nie uitbly nie. As die Kerk onmagtig is om Christus te gehoorsaam dan is hy nie meer Kerk van Christus nie. Is hy onwillig dan sondig hy opsetlik. Die vergadering het egter bewys dat die Kerk nòg die een nòg die ander is. Daar is verblydende vordering gemaak en 'n nog verblydender gewilligheid tot gehoorsaamheid geopenbaar. Dus is die Wêreldraad van Kerke ten enemale nie 'n futiele liggaam nie.

Die Wêreldraad is seer seker nie bo alle kritiek verhewe nie. Daar is gevare waarteen gewaak moet word. Daar sal ernstig biddend en waaksaam te werk gegaan moet word. Ons Kerk kan in verband hiermee sy grootste bydrae lewer. Ons moet ons rekenskap gee wat die Skrif ons leer omtrent die wêreld, die Christelike hoop, Christelike eenheid, die bestaan van verskillende volke en rasse en hulle verhouding tot mekaar, ens.

Ons vertrou dat ons Kérk sy medewerking met die Wêreldraad sal volhou en sy bydrae tot die werk van die Wêreldraad as 'n belangrike taak sal sien en uitvoer.

A. J. G. OOSTHUIZEN.